

GELOOF OF GELOOF?

Mens hoor dikwels in preke dat Christene uit dankbaarheid vir hulle verlossing goeie werke behoort te doen. Hoor 'n mens egter genoeg dat die Bybel sê dat mense, as hulle inderdaad Christene is, uit dankbaarheid goeie werke sál doen?

Christus sê in Joh. 14:15: “As julle my liefhet, **sal** julle my opdragte uitvoer.” In Matt. 7:18 sê Hy: “'n Goeie boom **kan** geen slegte vrugte dra nie” en in Joh. 3:5: “Wie in My bly en Ek in hom, **dra baie** vrugte.” In die eerste brief van Johannes lees ons dat 'n kind van God nie **kan** aanhou met die sonde nie (3:9).

Hierdie uitsprake hou 'n skrikwekkende waarskuwing in vir elkeen wat sê dat hy glo. Gehoorsaamheid is nie maar 'n opsionele ekstra, 'n stokperdjie van “fanatics” nie. Dit is 'n opdrag, maar selfs meer as 'n opdrag. Dit is 'n noodsaaklike “voorwaarde” vir redding. Natuurlik nie 'n voorwaarde in die sin dat ons ons redding daardeur verdien nie. Daarom sê ons uitdruklik: redding deur geloof alléén. Maar 'n voorwaarde in die sin dat dit die noodwendige gevolg van ware redding is. As dit ontbreek, is ek waarskynlik nie werklik gered nie!

So dikwels sê kerkmense: Ag, ek is maar 'n ou sondaar! Die Nuwe Testament tipeer egter nooit gelowiges as sondaars nie, maar noem hulle gereeld heiliges! Heb. 12:14 waarsku ernstig dat **niemand** sonder 'n heilige lewe die Here sal sien nie!

SALIGMAKENDE GELOOF

“Geloof alleen” is sekerlik een van die kosbaarste waarhede van die gereformeerde geloof. **Maar as ons mense verseker dat slegs geloof nodig is vir redding, moet ons sorg dat ons 'n Bybelse definisie van saligmakende geloof beet het. Anders sus ons mense op pad hel toe!** “Geloof alleen” beteken nié enige geloof nie. Jakobus waarsku dat daar so iets soos “dooie geloof” is, maar dat só 'n geloof niemand kan red nie. Dooie geloof is 'n geloof wat nie deur gehoorsame dade bevestig word nie.

Die Bybel praat van meer as een soort geloof, maar daar is net een soort wat red. Christus vertel in die gelykenis van die saaiër dat dié by wie die saad op die rotse geval het, mense is wat net vir 'n tyd geglo het. (Luk. 8:13) Baie mense het in Jesus geglo omdat hulle sy wondertekens gesien het, maar Hy, wat in mense se harte lees, het geweet dat Hy nie op hierdie soort geloof kon peil trek nie. (Joh. 2:23–25) Simon, die towenaar, het gelowig geword, tog het Petrus dit duidelik gestel dat sy eindbestemming die verderf is! (Hand. 8:13–20)

Laat ons dus seker maak as ons sê: geloof alléén, dat dit saligmakende geloof is waarvan ons praat. Saligmakende geloof is een kant van 'n muntstuk. Aan

die ander kant sit bekering. **‘n Mens kan nie saligmakend glo sonder dat jy jou bekeer van jou sonde nie.** En bekering is méér as om vir ‘n rukkie jammer te voel of om te erken dat jy ‘n sondaar is. Bekering is breek met sonde, ophou daarmee, omdraai van sonde af na God toe. Die feit dat ons sondaars is, is natuurlik deesdae ‘n baie ongewilde gedagte. As ‘n mens die koerante lees is dit duidelik dat talle mense wat hulle self as Christene beskou, die feit van sonde openlik ontken. Die waarheid is egter dat God **sondaars** red – niemand anders nie. Maar dan red Hy hulle ván hulle sonde, Hy maak hulle heiliges.

Hoe maklik word daar vir mense wat twyfel of hulle gered is, gesê: “Glo net”, terwyl hulle sondige lewens ten hemele skrei – of terwyl hulle ewe ordentliks niks erger of beter doen as eet en drink en vrolik wees nie! Daar is egter ‘n subtiële verskil tussen die opdrag: glo dat jy gered is, en die Bybelse opdrag: glo in Jesus Christus. As jy in Jesus Christus glo, sal jy natuurlik gered word, maar as jy glo dat jy gered is, beteken dit nie noodwendig dat dit waar is nie!

Dit is natuurlik in ‘n sekere sin baie makliker om te glo dat jy gered is, veral op die kort termyn. Baie mense glo graag dat hulle nie so sleg is nie – en veral glo hulle graag iets positiefs oor die toekoms. As mens nou die saligheid kan kry sonder om enige iets prys te gee, hoekom nie? Selfs al is jy nie heeltemal seker dis waar nie, kan jy immers niks verloor nie! So ‘n geloof vereis natuurlik nie wedergeboorte nie, en dus kan die mens sonder God se hulp goed “regkom”.

AS DIT DIE MAKLIKSTE PAD IS, HOEKOM SAL ONS DIT NIE VOLG NIE?

Een rede is natuurlik dat, alhoewel baie mense dit momenteel maklik vind om dit te glo, dit ‘n “geloof” is wat moeilik in stand gehou word. Optimisme wat op sand gebou is, spoel maklik weg. Die harde feite van die sondaarslewe weerspreek dit baie gou – en met reg. Daarom het sulke mense voortdurend ‘n behoefte aan ‘n “pep-talk”. Hulle kan gewoonlik nie verder as Dinsdag of Woensdag “hou” op Sondag se versekering dat alles reg is nie. Daarvan getuig die geweldige aanvraag na “voel-goed-oor-jouself”-boeke, kursusse en selfs preke wat ons om ons sien en hoor. Is dit nie die verklaring vir baie van ons se depressie nie?

Die diepste probleem is natuurlik egter dat dit nie die waarheid is nie! Die feit dat ‘n mens glo dat hy gered is, beteken nie dat dit noodwendig so is nie. Dis nie geloof wat my red nie, maar Jesus Christus. Die tragedie is natuurlik dat ek waarskynlik eers gaan agterkom dat ek ‘n leuen geglo het wanneer dit finaal te laat is. En laat ons maar die afgryselike waarheid in die oë kyk dat mense nie almal in die hemel is net omdat hulle op aarde met mooi woorde uit ‘n kerk begrawe is nie.

Die Bybelse boodskap is: Glo in Jesus Christus – dan sal jy gered word! (Mark. 1:15) En dis ‘n waarheid wat op rots staan. Hy is inderdaad dié weg tot die ware

lewe! Hierdie geloof is egter meer as 'n grondige beseef dat daar 'n God is en dat Jesus Christus inderdaad gekruisig is.

SUBTIELE VERSKIL

Waar lê die verskil dan? Geloof in Jesus Christus vra 'n prys. Dit vereis die vernederende beseef dat ek 'n verlore sondaar is, dat ek 'n Verlosser nodig het. Dit vereis prysgawe van my ou lewe, selfverloëning. En hiertoe is die natuurlike mens nie self in staat nie, want hy is dóód. God self moet aan hom sondebeseef skenk, hom bekeer. Daarom is hierdie die moeilike pad. Dis 'n pad waarop eindelose motiveringssessies my nie kan bring nie, maar dis die enigste pad wat werklik die beloofde eindbestemming bereik!

Die natuurlike mens kan dus wel glo dat hy gered is, maar kan nie in Jesus Christus glo om werklik gered te word nie. Eers as hy deur die Heilige Gees wederbaar is, lewend gemaak is, kan hy saligmakend glo. En dan sal al die feite van sy lewe nie meer hierdie waarheid weerspreek nie. Want 'n mens wat wedergebore is, is 'n nuwe mens. Hy is radikaal anders en hy kán anders wees omdat die Heilige Gees hom bekragtig. Natuurlik val hy nog in sonde, maar hy rol nie meer daarin in nie. Sy lewe word nie meer gekenmerk deur sonde nie, maar deur 'n stryd teen sonde.

Hoekom is daar so min van stryd sigbaar in meeste van ons se lewens? Behoort dit ons nie geweldig te bekommer dat ons so amper net soos die meeste mense buite die kerk lyk nie? Val die duiwel ons dalk nie aan nie omdat hy weet dat ons nie regtig sy vyande is nie?

GEOORDEEL VOLGENS WERKE

Laat ons ophou om aan mense “blanket amnesty” te verkondig net omdat hulle sê hulle glo of omdat hulle lidmate is of omdat hulle 'n erediens bywoon. **Hulle bloed sal van ons geëis word!** As 'n mens na sommige preke luister sou jy sweer daar was nog nooit 'n ongelowige in die kerk nie! Christus maak dit duidelik dat dit nie dié is wat **sê** dat hulle glo wat in die koninkryk van die hemel sal ingaan nie, maar die wat die wil van sy Vader **doen**. (Matt. 7:21, 24) As die skape van die bokke geskei word, sal die onderskeid gemaak word op grond van dit wat hulle gedoen het. (Matt. 25:31–46) Ook in Open. 21:13 word gesê dat oor elkeen geoordeel sal word volgens wat hy gedoen het.

Natuurlik kan ons werke nooit die **grond** vir ons redding wees nie. Wie van ons se werke kan ooit aan God se volmaakte standaard voldoen? Christus het die uitverkorenes se redding bewerk en Hy het dit volkome bewerk. Ek hoef daar niks by te voeg nie. Maar die implikasie is tog dat ons werke die **bewys** van ons

redding sal wees. En in 1 Kor. 5:13 gee Paulus ook aan ons die opdrag om oormense binne die kerk op grond van hulle **dade** te oordeel.

Wat ons moet onthou is dat God mense in die eerste plek red ter wille van sy eie eer. God is nie daar sodat mense gered kan word nie, mense is daar, en word gered, sodat God geëer kan word. En God word juis geëer deurdats ons Hom uit liefde gehoorsaam. Hy red ons dus om goeie werke te doen. (Ef. 2:10)

TEN SLOTTE

Gehoorsaamheid en heiligmaking is dus nie keuses nie. Dit behoort ook nie vir die dominee nodig te wees om ons gereeld te probeer ompraat om tog 'n bietjie aandag daaraan te gee nie. Dit is 'n noodsaaklike bewys van ware redding. Let op die verskriklike waarskuwing in Heb. 10:26 & 27: **“Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie.** Daar bly alleen 'n verskriklike verwagting oor van oordeel en 'n gloeiende vuur wat die teenstanders van God sal verteer.” Laat ons tog nie die werklikheid van die oordeel en hel vir onself en ander probeer wegsteek nie. Laat ons in die eerste plek elkeen onself toets of ons in die geloof lewe. Ten tweede, laat ons uit liefde vir God en mense die vólle waarheid vertel: **Bekeer jou, glo in die Here Jesus, en jy sal gered word!**